**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **6108/2**

PAPER 2 Listening Approx. 50 minutes

Marks 40 **2022**

**TEACHER'S TEXT**

ORDINARY LEVEL

This document consists of **11** printed pages and **1** blank page.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

Dit is die Namibiese Senior Sekondêre Sertifikaat op Gewone Vlak vir die November 2022-vraestel vir die eksamen in Afrikaans as ’n Tweede Taal, Vraestel 2, Luisterbegrip.

Welkom by die eksamen.

Binnekort sal jul onderwyser die vraestelle uitdeel. Wanneer jy jou vraestel ontvang, vul jou naam, kandidaatnommer en sentrumnommer op die voorblad in. Moenie met enige persoon praat tydens die eksamen nie.

As jy wil hê dat die klank harder gestel moet word, sê dit nóú vir die onderwyser. Die klank sal nie gestop word terwyl die eksamen aan die gang is nie.

Die klank moet nou gestop en die vraestelle uitgedeel word.

[BLIEP]

Noudat almal gereed is, hier is die toets.

Kyk na die vrae vir Taak 1.

*Pouse: 00’05″*

**Taak 1**

Jy sal **vier** kort opnames hoor. Beantwoord die vrae in die spasies wat gegee word. Moenie **meer as drie woorde** by elke antwoord skryf nie. Jy sal elke opname **twee** keer hoor.

*Pouse 00’05”*

**Vraag 1**

***(a)** Wat doen ouers terwyl hul kinders die diere voer?

**(b)** Hoe wil die eienaar tieners sover kry om die dieretuin te besoek?

| | |
|---|---|
| Anita: | Pieter, jy is die eienaar van die dieretuin hier buite die dorp. Vertel ons van jou planne vir die dieretuin. |
| Pieter: | Ja, ek het sommer groot planne. Ons wil Russiese perde en kamele hierheen invoer. Hier is reeds gemsbokke, elande en alpakkas. Die park het in 2008 vir die publiek geopen. Terwyl kinders die diere voer, kan hul ouers ’n glas koue koeldrank geniet. |
| Anita: | Wie besoek graag die dieretuin? |
| Pieter: | Die park is gewild onder kinders tussen vyf en nege jaar oud. Ons beplan om ’n swembad te bou om, indien moontlik, ook tieners hierheen te lok. Dit moet ’n heerlike uitstappie vir die hele gesin wees.** |

*Pouse 00’10”*

Herhaal van * tot **

*Pouse 00’05”*

**Vraag 2**

***(a)** Wat moet die leerders doen voordat die dekor gedoen kan word?

**(b)** Wat moet die leerders onthou om te doen voordat hulle huis toe gaan?

| | |
|---|---|
| **Skoolhoof:** | Leerders, julle moet asseblief almal ná skool agterbly. Julle moet die saal voorberei vir môre-aand se konsert. Die graad 10’s moet die stoele uitpak sodat die graad 11’s die dekor kan doen. Moenie vergeet om jul kaartjiegeld te betaal voordat julle vanmiddag die skoolgrond verlaat nie. Baie dankie vir almal se samewerking.** |

*Pouse 00’10”*

Herhaal van * tot **

*Pouse 00’05”*

**Vraag 3**

***(a)** Hoeveel jongmense kan uiteindelik na die modeskool gaan?

**(b)** Wat gaan die deelnemers leer om vir hulself te doen?

| | |
|---|---|
| Moderedakteur: | Ons tydskrif bied ’n modeskool aan vir tienermeisies en -seuns. Dit gebeur jaarliks in September. Dit word vanjaar vir die sewende keer aangebied. Dit is ’n baie gewilde skool en ons kry elke keer honderde inskrywings. Ongelukkig kan ons slegs 10 finaliste kies. |
| Onderwyser: | Wie kan vir die modeskool inskryf? |
| Moderedakteur: | Dit is vir seuns en meisies wat in mode belangstel of wat miskien daarvan droom om eendag ’n model te wees. Dis ook vir meisies en seuns wat wil leer hoe om hul klerestyl te verbeter. |
| Onderwyser: | Wat behels die modeskool en wat kan die deelnemers alles verwag? |
| Moderedakteur: | Deelnemers kry die geleentheid om saam met ’n professionele fotograaf,’n topmodel en ’n haarstilis te werk. ’n Grimeerkunstenaar gaan hulle wys hoe om hulself mooi te grimeer. Hulle leer dat mode meer is as klere.** |

*Pouse 00’10”*

Herhaal van * tot **

*Pouse 00’05”*

**Vraag 4**

***(a)** Wat gebeur met jou vel wanneer ’n bloublasie aan jou raak?

**(b)** Wat is die beste manier om jou teen bloublasies te beskerm?

| |
|---|
| Baie mense geniet dit om vir die somervakansie see toe te gaan. Hier is raad oor wat jy kan doen as ’n bloublasie aan jou vel raak. Wanneer ’n bloublasie aan jou raak, kan die plek verskriklik brand en jeuk. Moet glad nie krap of vryf nie, want dit versprei die gif en vererger die simptome. Gebruik verdunde witasyn om die simptome te verlig. Suurvye help ook. Suurvye is ’n vetplantjie wat dikwels in die duine groei. Die beste raad is om maar liewer uit die water te bly wanneer jy bloublasies sien.** |

*Pouse 00’10”*

Herhaal van * tot **

*Pouse 00’10”*

Dit is die laaste vraag in Taak 1. Jy sal binnekort Taak 2 hoor. Kyk nou na Taak 2.

*Pouse 00’25”*

**Taak 2**

Jy gaan 'n praatjie oor die intelligensie van diere hoor. Luister na die praatjie en voltooi die aantekeninge wat volg. Skryf hoogstens **twee woorde** of 'n **getal** in elke spasie. Jy sal die praatjie **twee** keer hoor.

**Intelligenter as wat ons dink**

*Jy is amper seker jou hond verstaan elke woord wat jy sê. Kan dit waar wees?

Wetenskaplikes en navorsers stem met jou saam. Hulle het navorsing gedoen wat bewys dat sommige diere – net soos mense – 'n hoë intelligensie het. Hulle glo dat diere ook emosies ervaar. Een van die navorsers het sy studies oor hoe diere hulle gedra, begin nadat 'n apie sy arms deur die tralies van sy hok gesteek het om hom 'n drukkie te gee. Diere het interessante gedagtes en die enigste manier waarop hulle dit kan oordra, is deur geluide te maak soos om te grom en te skree en deur gebare te maak.

Dit lyk asof diere soos sjimpansees en olifante, net soos mense, bewus is van die dood. Albei hierdie diere treur wanneer 'n familielid doodgaan. Olifante sal byvoorbeeld vir 'n tyd lank gaan stilstaan by die bene van 'n familielid wat lank reeds dood is. Dit wil ook voorkom asof hulle aan die verlede én die toekoms kan dink.

Diere ondervind ook spanning. Navorsers het die hormoonvlakke van bobbejane in hul mis ondersoek. Hulle kon op hierdie manier vasstel dat bobbejane stres ervaar wanneer party mannetjies in die groep te dominant is. Bobbejane en mense is baie dieselfde in die opsig dat hulle 'n groot gedeelte van hul dag gebruik om ander se stres te verminder.

Dolfyne is lank reeds bekend vir hul besondere intelligensie. In 'n studie waarin 23 dolfyne vir 'n tydperk van sewe jaar bestudeer is, is bevind dat hulle hulself in 'n spieël kan herken. Dolfyne is ook bewus van die status en identiteit van ander dolfyne. Hulle weet byvoorbeeld wie die moeders en leiers van hul groep is en hoe hulle hulself teenoor die ander dolfyne in die groep moet gedra.

Katte is diere wat vinning en maklik iets leer. Hulle weet ook presies wat om te doen om te verseker dat daar aan hul behoeftes voldoen word. Katte weet watter geluide hulle kan gebruik om hul eienaar aan te moedig om hulle te voer, te streel of te speel. Katte verstaan baie dinge in hul omgewing. Hulle hou daarvan om hul omgewing te verken en te ontdek. Dit is 'n bewys van hul intelligensie. Diere wat minder intelligent is, verkies om hulself te beperk tot 'n roetine wat hoofsaaklik uit eet en slaap bestaan.**

*Pouse 00'30"*

Nou sal jy die praatjie weer hoor.

Herhaal van * tot **

*Pouse 00'30"*

Dit is die einde van Taak 2. Jy sal binnekort Taak 3 hoor. Kyk nou na die vrae vir hierdie deel van die eksamen.

*Pouse 00'25"*

**Taak 3**

Jy sal ses tieners oor hul liefde vir musiek hoor praat. Kies uit die lys **A** tot **G** watter mening by elke spreker **1** – **6** pas. Skryf die **korrekte letter** in elke spasie. **Gebruik elke letter net een keer**. Daar is een letter wat jy nie hoef te gebruik nie. Jy sal elke opname **twee** keer hoor.

***Spreker 1** Ek is baie lief vir musiek. Wanneer ek ná ’n besige dag by die skool tuiskom, luister ek na al my gunstelingliedjies. My ouers werk albei; dus is daar niemand wat kla as ek na klipharde musiek luister nie. Ek behoort aan ’n groep en ons dans graag in ons vrye tyd. Ek hou ook van klaviermusiek en wil baie graag leer om die instrument te bespeel. My ma speel kitaar en my pa is ’n baie goeie pianis.

**Spreker 2** Ek hou van sagte, strelende romantiese musiek. Ek luister graag na musiek wanneer my vriende kom kuier en dan sing ons lekker saam. Ou treffers, soos dié waarvan my ouers ook hou, is die lekkerste. Die melodieë is baie mooi en die lirieke is so romanties. Ek het ’n boek waarin ek al die liedjies plak. Ek luister na musiek as ek alleen is en die huis skoonmaak. Ek leer die heel beste wanneer daar sagte instrumentele musiek in die agtergrond speel. My gunstelinginstrument is die klavier.

**Spreker 3** Niks is lekkerder as om jou oorfone op te sit en op die maat van musiek te gaan stap of draf nie. Ek hou van musiek wat my motiveer. Baie liedjies waarvan ek hou, vertel van mense wat groot probleme oorkom het. Ek speel kitaar en sing in die skoolkoor. Ek hou ook baie van a cappela en sing saam met my twee vriende. Ons groep se naam is Harmonie.

**Spreker 4** Ek luister net na musiek as ek nie ’n keuse het nie, soos wanneer ek ’n geleentheid soos ’n troue bywoon. Ek verkies die stilte en die musiek van die natuur, soos voëltjies wat sing en ander dieregeluide. Ek hou wel van musiekflieks, veral oor klassieke musiek. My vriende verstaan my en respekteer my siening van musiek.

**Spreker 5** Musiek is my lewe. Ek raak met musiek aan die slaap. Ek luister na alle genres. As ’n liedjie vir my mooi is, leer ek gou die lirieke en sing dit saam tot ek ’n volgende gunsteling kry. Ek studeer in stilte, maar hou daarvan om saam met my vriende na húlle gunstelinge te luister. Die lekkerste is wanneer ons in die sitkamer by die huis dans.

**Spreker 6** Ek en my suster sing al van kleins af saam. Ons het ook al sangkompetisies gewen. Ons sing by troues en ander funksies en verdien só ons sakgeld. Ek wil graag vir my ’n kitaar koop en leer speel. My musieksmaak verskil van dié van my suster. Ek luister graag na klassieke musiek en sy hou van kontemporêre geestelike liedjies. Ek luister graag na sagte, strelende musiek voor ek gaan slaap.**

*Pouse 00’30”*

Nou sal jy die ses sprekers weer hoor.

Herhaal vanaf * tot **

*Pouse 00’30”*

Dit is die einde van die Taak 3.  Jy sal binnekort Taak 4 hoor.

Kyk nou na die vrae vir hierdie deel van die eksamen.

*Pouse 00’25”*

**Taak 4**

Luister na ’n onderhoud met Lorenzo oor sy lewe op see. Kies die korrekte antwoord vir elke vraag en maak ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie. Jy sal die onderhoud **twee** keer hoor.

***Onderhoudvoerder:** Lorenzo, waarom is jy ’n sjef op ’n boot en nie by ’n hotel of restaurant nie?

**Lorenzo:** Ek is lief vir die oseaan. Die oopte, die reuke, die getye, die voëls, die dolfyne wat soms langs die boot kom swem … alles. Ek mis nie ’n lewe op land nie. Dis skoner op die water. Ek hoor geen sirenes of motors of ander geraas nie. Ek hou van die stilte van ’n lewe op see.

**Onderhoudvoerder:** Waar kom jou liefde vir die see en vir kosmaak vandaan?

**Lorenzo:** Ek was agt jaar oud toe ek saam met my ouers en my sussie om die wêreld begin seil het. Toe ek 10 was, het ek ’n plesierboot gesien en toe geweet: dis waar ek wil werk. My ander groot liefde is kosmaak. Tien jaar later, toe ek 20 was, het ek vir die eerste keer as sjef op ’n boot begin werk.

**Onderhoudvoerder:** Hoe het dit gebeur dat jy besluit het om ’n sjef te word?

**Lorenzo:** My ma het nooit daarvan gehou om vroeg op te staan nie. Ek en my kleinsus, Ronelle, het baie oggende stilletjies kombuis toe gesluip en vir onsself ontbyt gaan maak. Vandat ek drie jaar oud was, het ons met verskillende resepte geëksperimenteer. Toe ons nog op laerskool was, het my ma ons geleer om verskillende soorte brood te bak.

**Onderhoudvoerder:** Waar het jy skool gegaan?

**Lorenzo:** Ek het tot graad 8 tuisonderrig op ons boot ontvang. Daarna het ek vir twee jaar lank in Frankryk skoolgegaan. Toe het ons vir twee jaar op die eiland Fiji gaan woon, waar ek en my suster by een van hul Franse skole ingeskryf is. Na graad 12 het ek ’n kursus in kookkuns in Fiji voltooi. As deel van my studie het ek by verskillende hotelle gewerk.

**Onderhoudvoerder:** Hoe voel jy oor jou lewe op see?

**Lorenzo:** Om te seil het vir ons gesin ’n leefstyl geword. Ons het na aan die natuur gelewe en wonderlike mense van oor die hele wêreld heen ontmoet wat dit ook gedoen het. Daar is baie gesinne wat so lewe. Skoolgaan is nie ’n probleem nie. Ouers gebuik sillabusse van enige goeie skoolstelsel en leer self hul kinders.

**Onderhoudvoerder:** Wat is van die mooi herinneringe wat jy het?

**Lorenzo:** Ek het fantastiese plekke en wonderlike dinge gesien, soos varke wat in die see swem in die Bahamas en ’n aktiewe vulkaan in Hawaii. Die

mense woon in mooi gekleurde huisies in die Karibiese Eilande. Ek onthou veral die mense. Die mense in Madagaskar het my die meeste gefassineer. Hulle het só min en lewe só eenvoudig, maar hulle is gelukkig en vriendelik.

**Onderhoudvoerder:** Is daar iets waarvoor jy bang is?

**Lorenzo:** Die ergste wat kan gebeur, is dat jou yskas op 'n dag nie meer werk nie. As jy besig is om te kook en daar is skielik 'n storm, kan dit maar moeilik wees. Dis 'n groot uitdaging om nuwe idees te kry. Ek doen alles op die boot: spyskaarte en aankope. My belangrikste taak is om elke dag smaaklike kos voor te berei.

**Onderhoudvoerder:** Jou werk klink baie interessant. Baie dankie dat jy met ons gesels het.**

*Pouse 00'30"*

Nou sal jy die onderhoud weer hoor.

Herhaal vanaf * tot **

*Pouse 00'30"*

Dit is die einde van die onderhoud. Jy sal binnekort Taak 5 hoor.

Kyk nou na die vrae vir hierdie deel van die eksamen.

*Pouse 00'25"*

**Taak 5**

Luister na 'n onderhoud met Emma wat haar eie haarprodukte maak. Beantwoord die vrae wat volg. Jy sal die onderhoud **twee** keer hoor.

***Onderhoudvoerder:** Emma, hoe het jou besigheid begin?

**Emma:** Ek het op 'n dag in winkels natuurlike haarprodukte gesoek, maar kon niks kry wat my tevrede stel nie. Toe besluit ek om my eie haarprodukte te maak.

**Onderhoudvoerder:** Vertel ons 'n bietjie van jou kinderjare.

**Emma:** Ek is op Swakopmund gebore en het daar grootgeword en skoolgegaan. Ná graad 12 is ek na my pa se familie toe in Suid–Afrika om kuns te studeer.

**Onderhoudvoerder:** Wat het jou gemotiveer?

**Emma:** Baie produkte wat 'n mens in die winkels kry, bevat chemikalieë wat skadelik vir 'n mens se hare is. My familie is lief daarvoor om kruie te meng vir allerhande siektes en kwale, soos verkoue en hoofpyn. Ek dink dis hoekom die meng van olies en kruie vir my so maklik is.

**Onderhoudvoerder:** Vertel ons van jou sjampoe.

**Emma:** Dit was eers goed vir my hare, maar ek was nog nie tevrede met die kwaliteit van my produkte nie. Ek het natuurlike Namibiese olies, soos maroela en moringa, by my produkte begin voeg en die eindproduk was fantasties. Ek maak nou velsorgprodukte, soos organiese sjampoe en opknapper, en ook badsout.

**Onderhoudvoerder:** Waar kan 'n mens jou produkte koop?

**Emma:** My vriende is my agente. Hulle adverteer my produkte op Facebook. Dit word by jou adres afgelewer, met 'n klein ekstratjie wat jy vir aflewering moet betaal. As jy buite Windhoek woon, sal jy ongelukkig 'n koerier moet gebruik om jou produkte te kry.

**Onderhoudvoerder:** Watter raad het jy vir jongmense wat 'n eie besigheid wil begin?

**Emma:** Dis baie belangrik om navorsing te doen sodat jy minder foute maak. Kyk wat reeds op die mark is, en probeer iets anders of iets beters. 'n Mentor wat kennis het van besigheid, is van baie groot waarde vir beginners.

**Onderhoudvoerder:** Het jy enige ander planne?

**Emma:** Vir eers wil ek net daarop fokus om my besigheid uit te brei. Ek spaar om oor drie jaar besigheidsbestuur aan die universiteit te gaan studeer. Ek wil graag ander jongmense motiveer om hard te werk en hul drome te volg. As daar jongmense is wat belangstel om as agente vir my besigheid op te tree, kan hulle my by 0813230611 skakel.

**Onderhoudvoerder:** Wat doen jy in jou vrye tyd?

**Emma:** Ek is passievol oor die natuur. Ek gaan stap daagliks lang ente met my hond. Ek lees ook graag outobiografieë van suksesvolle mense en kyk na realiteits- TV-programme. Ek hou van lekker kos en kook graag pastadisse. Tydens die somervakansie stal ek my produkte op strategiese plekke in die hoofstad uit. Dit is dan wanneer ek die beste bemarking en grootste verkope doen.

**Onderhoudvoerder:** Baie dankie, Emma. Voorspoed met jou planne.**

*Pouse 00’30”*

Nou sal jy die onderhoud weer hoor.

Herhaal vanaf * tot **

*Pouse 00’30”*

Dit is die einde van Taak 5 en die einde van die toets.

Binnekort sal die onderwyser die klank afskakel en die vraestelle inneem. Maak seker dat jy jou sentrumnommer, kandidaatnommer en kandidaatnaam op die voorblad van jou vraestel geskryf het. Onthou, jy mag nie praat totdat al die vraestelle ingeneem is nie.

*Pouse: 00’25”*

Onderwyser, die klank-sisteem moet nou gestop word en al die vraestelle ingeneem word.

Dankie aan almal.

**BLANK PAGE**

The DNEA acknowledges the usage and reproduction of third party copyright material in the NSSC Assessment, **with and without permission** from the copyright holder. The Namibian Government Copyright Act allows copyright material to be used limitedly and fairly for educational and non-commercial purposes.

The Directorate of National Assessment and Examinations operates under the auspices of the Ministry of Education, Arts and Culture in Namibia.

© MoEAC/DNEA